NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 23

25 Julie 2019

In gesprek met die NG Kerk

Die 69ste AKV het reeds in 2010 'n bilaterale ooreenkoms met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) goedgekeur. Daar is die afgelope jare baie goeie skakeling op sinodale vlak tussen die Hervormde Kerk (NHKA) en die NGK. Die kerkeie opleiding van teologiestudente aan die Universiteit van Pretoria (UP) vind in noue oorleg met mekaar plaas, en verskeie predikante is al oor en weer tussen die twee Kerke beroep.

Maar wat gebeur op gemeentevlak? Hoe kan die samewerking tussen gemeentes van die twee Kerke op plaaslike vlak verbeter word?

Die Moderamen van die NHKA en die Algemene Sinodale Moderatuur van die NGK het op Vrydag 19 Julie by NHKA se Gemeente Wonderboom ontmoet om hieroor te gesels. Om te verseker dat daar daadwerklik oor die belewenisse en behoeftes van gemeentes gepraat word, is 'n aantal gemeentepredikante van albei Kerke ook na die gesprek genooi.

Ter inleiding het prof Kobus Schoeman (UVS) inligting vanuit 2014 se Kerkspieël-navorsing met die aanwesiges gedeel. Daaruit blyk duidelik dat die profiel van ons lidmate dieselfde lyk. Die gemiddelde ouderdom van albei Kerke se lidmate is 53 jaar, en net meer as 20% van ons lidmate is dooplidmate. Met feitlik 30% van albei Kerke se lidmate bo die ouderdom van 60 jaar, is dit onafwendbaar dat die lidmaattalle van die twee Kerke sal bly daal.

Die finansiële posisie van ons gemeentes is ook dieselfde. 'n Kwart van die gemeentes rapporteer dat hulle 'n krimpende inkomstebasis het, en 10% van die gemeentes beleef hul finansiële posisie as 'n ernstige bedreiging vir hul voortbestaan. Dit vind neerslag in die groot en groeiende persentasie predikante wat onder die sinodale riglyne deur hul gemeentes vergoed word.

Verder is dit duidelik dat die twee Kerke tot 'n groot mate dieselfde uitdagings die hoof moet bied, en dat dieselfde dinge vir die lidmate van albei Kerke belangrik is. Ongeveer twee derdes van die gemeentes leef tot 'n redelike of groot mate missionaal en is daarop ingestel om na die gemeenskap om hulle uit te reik. Geestelike groei en bywoning van eredienste is ewe belangrik vir al die lidmate. Tog is minder as 30% van die lidmate bewus van die visie en koers van hul kerk, en 'n soortgelyke getal lidmate word deur hul kerkleiers aangemoedig om hul gawes en vaardighede in diens van die koninkryk aan te wend. Minder as 10% is betrokke by uitreike of evangeliese aktiwiteite. En minder as 10% doen moeite om nuwe mense by die kerk te verwelkom of om te probeer kontak maak met lidmate wat wegraak!

Die twee Kerke se teologiese opleiding staan duidelik voor 'n kruispad met dalende studentegetalle en stygende kostes. Daar is eenstemmigheid dat die NHKA en NGK se teologiese opleiding onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en daar is versoek dat die gesprek oor ons teologiese opleiding dringend voortgesit moet word.

Één saak kan egter nie wag nie, en daar is versoek dat albei Kerke se Moderature 'n gelykluidende beskrywingspunt aan die eerskomende Algemene Kerkvergadering (22-26 September) en Algemene Sinode (7-11 Oktober) moet voorlê wat nouer samewerking tussen plaaslike gemeentes van die twee Kerke moontlik kan maak. 'n Werkkomitee bestaande uit predikante van albei Kerke sal dringend aan 'n moontlike tussenorde aandag gee en aan die twee Moderature voorlê sodat dit nog betyds in die agenda van albei sinodes opgeneem kan word.

Dit is die bede van almal teenwoordig dat ons so sáám meer effektief kan dien wanneer die Here ons in hierdie tyd roep om deel te hê aan sy werk in ons wêreld.

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Kommissie van die AKV

***** Vanaf volgende week (1 Augustus) sal *Blitspos* via 'n skakel as pdf-dokument van die NHKA se nuwe webblad afgelaai kan word. Intekenaars sal die skakel ontvang in 'n lokflits waarin ander items op die webblad ook bekendgestel sal word.**

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

- Ds Hannes Jansen van Rensburg (Brakpan-Harmonie) se vader, **oudl Cobus Jansen van Rensburg** (Olifantsfontein), is oorlede op 9 Julie, in die ouderdom van 72 jaar. Hy was ’n geruime tyd in die hospitaal weens hartprobleme. Dr Jan Vorster het die roudiens waargeneem op Vrydag 19 Julie in Olifantsfontein. Ons innige simpatie gaan aan ds Hannes en sy familie.

- **Stafverpleegster Mercia van Staden** van die Van Rensburg-versorgingsfasiliteit is Vrydagnag 19 Julie na ’n lang siekbed in die hospitaal oorlede. Sy sou op 31 Julie haar 65ste verjaardag gevier het. Mercia het op 1 Februarie 1995 by Van Rensburg-tehuis begin werk en het die pos van weeknag-stafverpleegster beklee. Die begrafnisdiens vind plaas op Donderdag 25 Julie om 10:00 by die NG Kerk in Erasmia. Ons innige simpatie gaan aan haar familie en kollegas.

Ds Ogies en Eugenie du Plooy

- **Ds Ogies du Plooy** (emeritus) ontvang tans intensiewe mediese behandeling. Ons wens hom spoedige herstel toe en baie sterkte vir hom, sy vrou Eugenie en die familie.

- **Ds Jacques Pieterse** van Laer Suidkus is op 13 Julie getroud met Dàlene. Baie geluk!

Ds Jacques en Dàlene Pieterse

- **Die volgende predikante verjaar tot 2 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

o	Vrydag 26 Julie:	Di A (André) Oberholzer (Witbank-Noord), PJ (Pieter) Steenkamp (Dora Theo Gemeente Kimberley) en LJ (Louis) Steyn (emeritus)
o	Sondag 28 Julie:	Prof GMM (Gert) Pelser (emeritus) en ds CL (Nelius) van Niekerk (Otjiwarongo/Outjo)
o	Maandag 29 Julie:	Ds A (André) Thomas (Oos-Moot)
o	Dinsdag 30 Julie:	Di PWAN (Pieter) Bester (Glencoe), SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en DW (Danie) van der Watt (Montana)
o	Woensdag 31 Julie:	Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)

Ds Denise Schmidt

Gemeentes en bediening

Die NHKA se nuwe webblad word op 1 Augustus by www.nhka.org geaktiveer. Lees meer daaroor in *Die Hervormer* van Augustus 2019, wat op 31 Julie beskikbaar sal wees.

- **Ds D (Denise) Schmidt** van Klerksdorp-Suid (deeltyds) het ’n beroep ontvang na Jeffreysbaai/Port Elizabeth.

Ds Guilliaume Rocher

- **Ds G (Guilliaume) Rocher** van Nigel (voltyds) en Balfour (deeltyds) het ’n beroep ontvang na Heidelberg.

- **Ds JW (Janine) Truter** van Wapadrant se dienstydperk by die gemeente is verleng tot die einde van die jaar.

Ds Janine Truter

- **Gemeente Mafeking** vier hul **90ste bestaansjaar** in Julie. Vorige predikante en lidmate of enige belangstellendes wat graag die verrigtinge wil bywoon op Sondag 28 Julie vanaf 09:00, kan in verbinding tree met dr Annelie Botha by 082 650 3494 of **abothaster@gmail.com**.

- Die **deurkollektes van Sondae 28 Julie en 4 Augustus** is bestem vir die **Teologiese Opleidingsfonds**. Baie dankie aan ampsdraers en lidmate vir hul bereidwilligheid om op die betrokke Sondae iets oor die Fonds te sê en die res aan lidmate oor te laat. Gemeentes kan hul bydraes direk in die **bankrekening van die Fonds** inbetaal: ABSA Bosmanstraat; rekeningnaam Teologiese Opleidingsfonds; rekeningnommer 404 863 2649; takkode 632005.

- Die **SP Engelbrecht-museum se Facebookblad** het op 8 Julie met ’n aftelling na die AKV toe begin. Donderdag 25 Julie wanneer *Blitspos* verskyn, sal daar nog 59 dae wees tot die AKV van 2019. Lesers kan deel word van die Facebookblad van die Museum en elke dag historiese brokkies oor die AKV’s ontvang. Dankie aan almal wat reeds besoek afgelê het by die Museum en reeds afsprake gemaak het vir die res van die jaar. Finalejaargroepe is veral hartlik welkom. Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951.

- **Gemeente Bronkhorstspruit** wil ’n spesiale geskenk vir oudskriba Andries Steyn en sy vrou Catharina gee. Die ou **yster-Kerkwapens** wat by die Museum te koop was, is uitverkoop. Nou hoop die kerkraad om iewers weer so ’n ou Kerkwapen te vind. Miskien is daar iemand wat so ’n Kerkwapen het en bereid is om dit aan hulle te skenk of te verkoop. Kontak ds Jan van Staden by 082 391 0883.

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com** om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- Donderdag 25 Julie: Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 26 Julie: Moderamen
- Dinsdag 30 Julie: Kuratorium
- Woensdag 31 Julie: Plesion Dagbestuur
- Donderdag 1 Augustus: Rata Finkom

Studentesake

- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2020 Teologie aan die Universiteit van Pretoria** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 26 Julie** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van ds Carusta van der Merwe (**cvdm@up.ac.za**).

’n Gedig

Grafsteen op Caledon

Langs haar bed was altyd ’n kraf
vol water uit die warm bron;
nou aan die koppenent van haar graf
kyk ’n engel yskoud uit die hoogte af.

Haar hande onder die serk
lê doodstil sonder hekelwerk
en in plaas van ’n son wat inskyn
deur haar slaapkamer se kantgordyn

hou die granietengel wag
met vlerke wyd oop
en gespikkel soos ’n koekoek
waaronder kuikens skuiling soek.

PJ Philander
(Uit: *Ostrakon*, 1986)

Kerklike publikasies

- Daar is verskeie **Standaardbybels (swart, hardeband) in inheemse tale** teen R130 elk (versending uitgesluit) by die boekwinkel in Derdepoort beskikbaar: Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tshivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; en Sesotho 1989. Bestel by mev Sarie Roux, 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**.

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2019***
  Nou net R100 (versending uitgesluit)
  Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
  én ’n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
  Bestel by **sentik@nhk.co.za**

Toerusting

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  Premierkursus oor brugbediening
  Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
  Week 2: 4-7 November
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte

Koste R2 200 (BTW ingesluit)
Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za

- **Openbare lesing: Donderdag 1 Augustus om 10:00**
  UP Kamer 2-10
  Close Encounters of the Fourth Kind: New Technologies and Lived Religion
  Prof Ruard Ganzevoort, Vrije Universiteit Amsterdam
  Verdien VBO-punte

- **Gemeente Swartkop: Toerusting vir Vrouedag**
  Saterdag 3 Augustus 09:00-12:00
  Hanna van Niekerk deel haar storie met koekkleursel en Jik
  Leer hierdie fyner kuns terwyl ons pizza geniet
  Irelandlaan 107, Eldoraigne
  R200 per persoon
  (sluit ete en alle verfmateriaal in)
  Bring ’n voorskoot saam
  Bespreek by Michaela **info@zcib.co.za / 072** 223 8314

- **Jaarlikse simposium van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)**
  Woensdag 14 Augustus vanaf 09:00
  By Gemeente Philadelphia (Let wel: Nie by Midstream nie)
  Vanjaar val die fokus op Karl Barth
  Predikante, dosente, studente en ander belangstellendes welkom
  Navrae aan dr Elritia le Roux by 072 235 6904 of **elritialeroux82@gmail.com**

- **Multisensoriese werkwinkel**
  Die uitdaging van prediking in die digitale era
  (Sien *Die Hervormer* van Julie 2019)
  Wanneer: 29 Augustus 08:30 tot 16:00
  Waar: NHKA Pretoria-Oos
  Vir: 20 VBO-punte
  Aanbieders: Prof Pierre Jordaan en dr Johan Lötter
  Wie: Alle Hervormde predikante
  Koste: Sal later bekendgemaak word
  Alle Hervormde predikante word met R250 gesubsideer
  Jy kan nie hierdie geleentheid misloop nie!
  Navrae: Dr Johan Lötter 071 495 0552 / **jlotter@carfone.net**

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in ’n rustige omgewing naby busroetes en ’n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Fondsinsamelings

- **Slaan af vir Bybels.** Wil jy jou voorgee verbeter? Sluit op **Vrydag 2 Augustus** aan by ander spelers en slaan af vir Bybels by die **Bluff-gholfklub**. Die inskrywingsgeld is R300 en sluit aandete en baanfooie in. Jy is welkom om jou eie span saam te stel. Jy kan ook ’n gaatjie borg of ’n donasie maak ten bate van Bybelverspreiding. Vir meer inligting, kontak Hermien Cilliers by 031 207 4933, WhatsApp 067 834 5748 of **cilliers@biblesociety.co.za**.

- **Motorfietse brul vir Bybels.** Motorfietsryers word genooi om saam te ry in ’n *Bible Run* op **Sondag 18 Augustus in Bloemfontein**. Dit is die sesde keer dat die rit plaasvind en dit sal weer by Naval Hill begin. Die fietsoptog sal ry na die Bikers Church, langs die Tempelughawe, waar Leon Ferreira ’n spesiale diens sal lei. Om te bespreek of vir meer inligting, kontak Gerrie van Dyk by 083 448 2127 of Wimpie Burger by 083 456 6075.

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
  Borg ’n putjie teen R2 500
  R4 200 vir ’n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir ’n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / **info@driveforachild.co.za**
  www.driveforachild.co.za

Basaars en markte

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Basaar**
  Vrydag 26 en Saterdag 27 Julie
  By die kerk, hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat
  (oorkant Midas, Klipfontein)
  Watertand basaarpoeding, pannekoek
  Pap-en-kaiings en afval soos Ouma dit gemaak het
  Kerrie-en-rys, hamburgers, boepensbroodjies, roosterkoek...
  Witolifanttafel, teetuin
  Kompetisie met kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 000
  Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R20 elk
  Delf Saterdag tussen 09:00 en 12:00 vir ’n prys
  Gratis aktiwiteite vir voorskool- en laerskoolkinders
  Ouer kinders ding mee in die *Top Gear*-tent: Wie is die vinnigste renjaer?
  Navrae: Skakel die gemeentekantoor by 013 697 1457

- **Gemeente Wonderboom: 7de Kaiingfees**
  Saterdag 27 Julie van 08:00 tot 14:00
  Marjoramlaan 219
  Pap-en-kaiings, kaiing-*jaffles*, kaiing-spud, kaiing-pizza, pannekoek...
  Kunstenaars, stalletjies en ander vermaak
  Gelukkige trekkings vind ook plaas!
  Toegang is ’n blikkie kos of R10-donasie vir behoeftige gesinne
  Vir meer inligting skakel Ettienne by 082 674 6560

- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
  Saterdag 3 Augustus
  Vanaf 08:00 tot laat by die Tuinhekkie (Elandsvlei)
  Vars vleis teen bekostigbare pryse
  Baie pret en speletjies vir die kinders
  Demonstrasies van skaapskeer, koeimelk, sweepklap, slag, seepmaak, ens
  Kom kyk hoe word vee vir die mark voorberei
  Skryf jou span in vir ’n toutrekkompetisie
  Of geniet net die kuier en heerlike kos
  Vermaak deur Ampie, Anton Botha, Tanya V, Evert Swart en baie ander
  Skakel 082 364 8576 of besoek *SionspoortVleis* op Facebook

- **Gemeente Montana-Oos: Delwersbasaar**
  Saterdag 3 Augustus
  By die kerk – Kameeldriftweg, Derdepoort/Kameeldrift-Oos
  Kom geniet basaarpoeding, pannekoek, kerrie-en-rys, potjiekos en baie meer
  Witolifanttafel, veiling en vermaak
  Kom delf vir die kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 500
  Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R25 elk
  Delf Saterdag tussen 09:00 en 12:00 vir ’n prys
  Navrae: Jan Muller 083 267 6499 of ds Frikkie van Wyk 083 625 6788

- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
  Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
  R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
  Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
  Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
  Navrae: **rudi.jansevanrensburg@gmail.com**

- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
  24, 25 en 26 Oktober
  Delyweg 100, Waterkloofpark
  Uitstallers welkom
  Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
  kersmark@pretoriaoos.com

Kommentaar

- “Ek het ds Etienne Fourie se skrywe ‘Oompie en *Die Reël’* BAIE geniet!” (Lenie van Zyl, Alberton)

- “Baie dankie vir die *Blitspos* wat ons van julle ontvang. Ek het dit geniet om van Oompie en *Die Reël* te lees, soos so baie ander stories wat regtig goeie leesstof is.” (Engela Bolton, Rata Nylstroom)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

Geseënde Jesus, ek rus in U.
Gee my stilte in my siel, laat u vrede in my regeer.
Neem beheer van my lewe,
o Koning met die sagte oë,
o Heerser met genade in u hart.
God aan wie alle mag behoort:
Gee my die vermoë om myself te beheer –
my gedagtes, my woorde, my handelinge.
Verlos my, Vors van die lewe, van my knorrige liggeraaktheid,
van my gebrek aan nederigheid.
En vul my met deernis teenoor my naaste.
U wat soveel geduld met my het, gee my geduld met ander.
Maak my, deur u krag, in alles wat ek dink en doen en sê,
al meer en meer soos U.

Die Heilige Johannes van die Kruis
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk